education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE V1
## JUNIE 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n formuleblad.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig deur en volg dit presies.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om vrae te beantwoord.
6. Waar van toepassing, toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt.
7. ‘n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Maatskappy Finansiële State en Notas | 70 | 55 |
| **2** | Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers | 35 | 25 |
| **3** | Interpretasie van Finansiële Inligting | 35 | 30 |
| **4** | Korporatiewe Bestuur | 10 | 10 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

## VRAAG 1: MAATSKAPPY FINANSIëLE STATE EN NOTAS (70 punte; 55 minute)

### 1.1 BROOKLYN BPK

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2024.

**GEVRA:**

Stel die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024 op. (50)

**INLIGTING:**

**A. Inligting van uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 29 Februarie 2024:**

| | R |
|---|---:|
| Handelsvoorraad | 123 800 |
| Debiteurekontrole | 88 640 |
| Voorsiening vir oninbare skulde | 7 185 |
| Lening: XY Bank | ? |
| Verkope | 1 960 000 |
| Koste van verkope | ? |
| Korting ontvang | 15 500 |
| Huurinkomste | 277 300 |
| Ouditfooie | 22 600 |
| Waardevermindering | 54 200 |
| Salarisse en lone | 175 600 |
| Werkgewersbydrae | 12 300 |
| Direkteursfooie | 225 400 |
| Oninbare skulde | 4 565 |
| Verbruiksgoedere | 16 900 |
| Advertensies | 12 900 |
| Diverse uitgawes | ? |
| Rente Inkomste | 9 600 |

**B. Addisionele inligting en aansuiwerings:**

(i) 'n Faktuur vir R36 160, uitgereik aan 'n debiteur, gedateer 27 Februarie 2024, is nie aangeteken nie.

(ii) ‘n Fisiese voorraadopname op 29 Februarie 2024 het die volgende uitgewys:
- Handelsvoorraad R99 400
- Verbruiksgoedere R 4 350

(iii) Die advertensie uitgawe is vir 'n kontrak van drie maande wat op 31 Maart 2024 eindig.

(iv) Die volgende aansuiwerings rakende debiteure is nie in ag geneem nie:
- Die rekening van S Snyman, R2 580 moet afgeskryf word.
- Rente op agterstallige rekeninge van altesaam R280 moet aangeteken word.
- Die voorsiening vir oninbare skulde moet tot 5% van uitstaande debiteure aangesuiwer word.

(v) Die maatskappy het twee direkteure. Hulle verdien dieselfde fooi per maand. Een direkteur het nie sy vergoeding vir Februarie 2024 geneem nie.

(vi) Die huur vir Maart en April 2024 is ontvang en gedeponeer. Let daarop dat die huur vanaf 1 Desember 2023 met 15% verhoog het.

(vii) Leningstaat het die volgende getoon. Rente is nie in ag geneem nie.

| | |
|---|---|
| Saldo op 1 Maart 2023 | 555 000 |
| Rente gehef | ? |
| Maandelikse paaiemente (insluitend rente gekapitaliseer) | 114 600 |
| Saldo op 29 Februarie 2024 | 507 000 |

(viii) 'n Werknemer op verlof is nie in die Salarisjoernaal vir Februarie 2024 aangeteken nie. Die besonderhede was soos volg:

| | |
|---|---|
| Netto salaris | 8 300 |
| Aftrekkings | ? |
| Bruto salaris | ? |

- Die onderneming dra R1 008 (8%) van die bruto salaris tot die Pensioenfonds en R126 tot die WVF-fonds, by.

(ix) Rente Inkomste is slegs vir 10 maande ontvang. Daar was geen verandering gedurende die jaar nie.

(x) Die volgende persentasies moet gebruik word om bedrae wat nie gegee is nie, te bereken:

- Die winsopslag % behaal was 60% op kosprys.
- Bedryfswins op omset was 20%.
- Inkomstebelasting vir die finansiële jaar was 25% van die netto wins.

1.2 **RAINBOW BPK**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig op 29 Februarie 2024. Rainbow Bpk verkoop lugversorgers.

**GEVRA:**

1.2.1 Toon die volgende notas van die Staat van Finansiële Posisie:

Gewone aandelekapitaal (6)
Behoue inkomste (6)

1.2.2 Verduidelik of die Louw familie 'n billike waarde vir hul aandele aangebied is. Haal syfers aan. (4)

1.2.3 Noem TWEE maniere hoe die terugkoop van aandele bestaande aandeelhouers bevoordeel het. (4)

**INLIGTING:**

A. **Uittreksel van saldo's/totale uit die finansiële rekords:**

| | **2024** | **2023** |
|---|---|---|
| Gewone aandelekapitaal | 4 231 200 | 3 360 000 |
| Behoue inkomste | 1 304 100 | ? |

B. **Aandelekapitaal en Dividende:**

- Op 1 September 2023 is 'n tussentydse dividend van R192 500 betaal.
- Op 31 Oktober 2023 het die besigheid 150 000 aandele teen R12 per aandeel uitgereik.
- Op 29 Februarie 2024 is 90 000 aandele teen R11,50 per aandeel van die Louw-familie teruggekoop. Hulle is geregtig op ‘n finale dividend.
- ’n Finale dividend van 95 sent per aandeel is op 29 Februarie 2024 verklaar.

C. **Finansiële aanwysers was bereken:**

| | **29 Februarie 2024** | **1 Maart 2023** |
|---|---|---|
| Netto batewaarde per aandeel | 1030 sent | 980 sent |
| Markprys per aandeel | 925 sent | 888 sent |

D. Netto wins na belasting het R996 000 beloop.

**70**

**VRAAG 2: KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS**
**(35 punte; 25 minute)**

Die inligting het betrekking op Sparks Bpk vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2023

**GEVRA:**

2.1 Voltooi die Nota van Versoening van netto wins voor belasting en kontant uit bedrywighede gegenereer vir die jaar geëindig 30 Junie 2023: (4)

2.2 Bereken die volgende bedrae in die 2023 Kontantvloeistaat:

2.2.1 Belasting betaal (4)
2.2.2 Vaste bates aangekoop (6)
2.2.3 Netto verandering in finansiële bates (2)
2.2.4 Aandele uitgereik (2)
2.2.5 Netto verandering in kontant en kontantekwivalente (4)

2.3 Bereken die volgende:

2.3.1 Bedryfsverhouding (3)
2.3.2 Skuld-Ekwiteitverhouding (3)
2.3.3 Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend (7)

**INLIGTING:**

**A. Inligting van uit die finansiële state op 30 Junie:**

| | **2023**<br>**R** | **2022**<br>**R** |
|---|---|---|
| Waardevermindering | 235 600 | 196 000 |
| Rente uitgawes | 125 000 | 125 800 |
| Vaste bates (drawaarde) | 2 241 940 | 2 344 800 |
| Finansiële bates | 225 000 | 290 000 |
| Aandeelhouersekwiteit | 4 800 800 | 3 600 500 |
| Lening | 850 000 | 700 000 |
| Totale bedryfsbates | 1 415 900 | 1 309 400 |
| Voorraad | 225 000 | 155 000 |
| Handels- en ander ontvangbares N1 | 1 115 000 | 1 143 000 |
| Kontant en kontantekwivalente | 75 900 | 11 400 |
| Handels- en ander betaalbares N2 | 820 940 | 796 800 |
| Oortrokke Bank | - | 128 700 |

## B. NOTAS TOT DIE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE:

| | **2023<br>R** | **2022<br>R** |
|---|---:|---:|
| **N1<br>HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARES** | 1 115 000 | 1 143 000 |
| Debiteurekontrole | 1 102 000 | 1 125 000 |
| Opgelope inkomste | 13 000 | 7 000 |
| SAID: Inkomstebelasting | 0 | 11 000 |

| | | |
|---|---:|---:|
| **N2<br>HANDELS- EN ANDER BETAALBARES** | 820 940 | 796 800 |
| Krediteurekontrole | 536 565 | 647 300 |
| Opgelope uitgawes | 7 000 | 9 500 |
| SAID: Inkomstebelasting | 17 375 | 0 |
| Aandeelhouers vir dividende | 260 000 | 140 000 |

**ADDISIONELE INLIGTING:**

**(i) Aandelekapitaal**

- 'n Addisionele 100 000 aandele is op 1 Januarie 2023 teen R15 uitgereik.

**(ii) Verkoop van toerusting**

| | |
|---|---|
| Kosprys | R140 000 |
| Opgelope waardevermindering tot op datum verkoop | R72 500 |

**(iii) Inkomstebelasting**

- Netto wins voor belasting, R530 600.
- Inkomstebelasting vir die jaar het R185 600 beloop.
- Netto wins na belasting, R345 000.

**35**

## VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING (35 punte; 30 minute)

3.1 **KONSEPTE**

**GEVRA:**

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n konsep in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A (KONSEP) | KOLOM B (VERDUIDELIKING) |
|---|---|
| 3.1.1 Likiditeit | A Dui aan in watter mate 'n besigheid deur geleende kapitaal gefinansier word. |
| 3.1.2 Solvabiliteit | B Dui die voordeel aan wat die eienaars uit hul belegging in die besigheid ontvang |
| 3.1.3 Geratheid | C Dui aan of die besigheid onmiddellike skuld kan betaal. |
| 3.1.4 Opbrengs op ekwiteit | D Dui aan of die besigheid al sy skuld sal kan betaal. |

(4 x 1) (4)

3.2 **OMEGA BPK**

Die inligting wat aangebied word, hou verband met die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2024.

**GEVRA:**

3.2.1 Lewer kommentaar op die algehele likiditeitsposisie van die maatskappy. Haal DRIE relevante finansiële aanwysers aan (met syfers). (8)

3.2.2 Een van die direkteure voel dat die maatskappy die lening so gou as moontlik moet terugbetaal. Wat is jou siening hieroor? Haal aan en verduidelik TWEE relevante finansiële aanwysers met syfers wat mening ondersteun. (6)

3.2.3 Die direkteure het besluit om die dividenduitbetalingsbeleid in 2024 te verander.

- Verskaf bewerkings wat die beleidsverandering aandui. (4)
- Verduidelik die effek van hierdie beleidsverandering op die maatskappy. Noem TWEE punte. (4)

3.2.4 Verduidelik waarom die aandeelhouers tevrede is met:

- Die markprys van die aandele op die JSE. (6)
- Die prys waarteen die 75 000 aandele teruggekoop is. (3)

Haal in ELKE geval syfers/finansiële aanwysers aan.

**INLIGTING:**

**Finansiële aanwysers is op 29 Februarie 2024 bereken:**

| | **2024** | **2023** |
|---|---|---|
| Bedryfsverhouding | 2,7 : 1 | 2,2 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 1,2 : 1 | 1,5 : 1 |
| Debiteure invorderingstydperk | 32 dae | 39 dae |
| Krediteure betalingstydperk | 41 dae | 51 dae |
| Skuld-ekwiteit verhouding | 0,4 : 1 | 0,6 : 1 |
| Opbrengs op totale kapitaal aangewend | 9% | 15% |
| Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang | 16,5% | 17,5% |
| Verdienste per aandeel | 160 sent | 200 sent |
| Dividende per aandeel | 160 sent | 50 sent |
| Netto batewaarde per aandeel | 770 sent | 760 sent |
| Markprys per aandeel (JEB) | 960 sent | 800 sent |
| Terugkoopprys per aandeel | 850 sent | 0 sent |
| Rentekoers op lening | 14% | 14% |

**35**

**VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR** **(10 punte; 10 minute)**

4.1 Wat is die verskil tussen die rolle van 'n interne ouditeur en 'n onafhanklike eksterne ouditeur? Verskaf TWEE punte. (4)

4.2 Eksterne onafhanklike ouditeure mag hoë ouditfooie hef vir hul gespesialiseerde werk. Wat dink jy sal die gevolge vir die ouditeur wees as dit bewys word dat die ouditeur nalatig was in die uitvoering van sy verantwoordelikhede? Noem TWEE gevolge. (4)

4.3 ’n Hoof Uitvoerende Beampte (HUB) van ’n maatskappy het vooraf kennis dat die maatskappy vir R500 miljoen gedagvaar sal word weens foutiewe produkte wat hulle bemark sodra die betrokke ondersoeke afgehandel is. Die HUB besluit om sy aandele so gou moontlik te verkoop, voordat die nuus die algemene publiek bereik.

Gee EEN moontlike gevolg van die HUB se onetiese gedrag. (2)

**10**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Nie-bedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |
| **LET WEL:** * In hierdie geval, indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegde-gemiddelde getal aandele in die praktyk gebruik. | |

Kopiereg voorbehou